

Goeie reën laat die Uniefeesdam vir die eerste keer in jare weer oorloop.







## Geseënde Kersfees

Ons het almal met groot afwagting uitgesien na die jaar 2020. 'n Jaar wat uit 'n landbou-oogpunt baie potensiaal ingehou het met sy aanvang. Elkeen van ons het sy eie ideale gekoester vir die nuwe jaar ten spyte van gerugte van 'n vreemde virus wat in China ontdek is.

Die jaar het ongelukkig baie vinnig ontaard in die uitdagenste jaar wat baie van ons al beleef het en moontlik in ons lewe sál beleef. 'n Jaar waarin alles wat altyd normaal was, verander het, nuwe maniere van dinge doen ontstaan het en 'n totale nuwe normaal ontstaan het.

Vir ons as Christene was daar deur al hierdie turbulensie 'n baie sterk anker in ons lewe. Ons het die troos van "selfs al gaan ek deur die diepstes, sal ek nie bang wees nie". VKB is besonders geseën gedurende 2020 met personeel wat nie ernstig siek geword het nie en meeste het herstel. Ons medelye met die naasbestaandes van die persone wat gedurende die jaar gesterf het.

Waar ons aan die einde van 2020 staan, wil ek vir elkeen van u 'n geseënde Kersfees toewens. Mag Kersfees vir elkeen van u 'n ware Christusfees wees. Vir dié wat 'n blaaskans vat, geniet die rus.

Vir dié wat op reis gaan, veilig ry. Ons sien almal uit na 'n nuwe 2021. 'n Vars begin waar ons al die verlore ideale van 2020 kan inhaal, en nuwe ideale en hoogtes bereik gedurende die nuwe jaar.

Groete
Koos Janse van Rensburg




vkb vir die LIEFDE van die LAND

HEILBRON: 058 852 3499